Ps. 109:1 | Immanuel: God-met-ons! | Aub. 10 Des '61
Ges. 46: 1, 4, 6, 7. | Jes. 7: 1-16; Matt. 1: 18-25.
Ges. 112: 9, 10.

Matt. 1: 23 - Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Ons staan vanmore by 'n woord wat in christ- en kerklike kringe deur die loop van eeue 'n sleutel-woord geword het: Immanuel! In duisende kerke, voor talle kansels, in ontelbare preke staan die woord in vlammende letters geskrywe: Immanuel! So bekend het dit geword dat dit juis die groot gevaar meegebring het dat vir miljoene Christene dit 'n gemeenplaas geword het, 'n niks-seggende, vanselfsprekende gedagte: God met ons! God is mos nou met ons - waarom en waaroor sal ons ons verder bekommer?

Wie so praat verstaan niks van die geweldige inhoud, die ingrypende krag van hierdie een woord: Immanuel! Maar ook ons wat in diepe eerbied, ~~met~~ in stomme verbasing en kinderlike aanbidding hierdie woord soos 'n kosbare skat ontdek en dit gedurig om en om draai om dit te bewonder - ook ons verstaan nie genoegsaam die ~~—~~ skatryke dieptes van die woord wordat ons nie sien waar dit gebore is & wie dit voorspel het

I Die Voorspelling: Word gehaal uit Jes. 7:14. Agter-grond: Agas, die Koning v Juda bedreig deur Resin, Koning v Sirië (Aram) in bondgenootskap met Peka, Koning v Israel (Efraim). Toe ~~—~~ die Koning v Juda die berig kry dat Sirië hulle aangesluit het by Israel (vs. 2) het hy en sy volk in doodsangs verkeer.

Verstaanbaar as ons daaraan dink dat dieselfde Agas kort vantevore 'n groot neerlaag gely het teen Sirië.. En nou stuur God vir Jesaja as profeet ~~en~~ saam met sy seun, Sjear Ja-sjub om vir Agas te gaan sê: Wees gerus – dit sal nie gebeur nie (vs. 7). Dat Agas dit nie glo nie, kan duidelik uit in vs 9 maar die Here deur Jesaja sê: „As julle nie glo nie – voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie!"

En om Agas te help om sy ongeloof te oorkom kom God met die verbasende aanbod as Hy vir Agas sê: (vs. 11): „Eis vir jou 'n teken van die Here jou God: sak diep af na die doderyk, of klim hoog op boontoe" (Verduidelik). Oënskynlik ootmoedig en nederig antwoord Agas: „Ek sal nie eis nie en die Here nie versoek nie" maar die antwoord v God deur Jesaja in vs. 13 wys baie duidelik dat Agas 'n ander motief gehad het. ~~nie~~ bang was om die aanbod v God te aanvaar – nie geglo het wat God gesê het. Daarom sê God: Agas, omdat jy nie glo nie, my woord nie wil aanvaar nie, nie self uit geloof 'n teken wil vra nie – daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: „Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem"

Uit die teksverband dit ~~duidelik~~ moontlik dat die voorspelling in 1e plek heenwys na iemand wat kort daarna as Koning v Israel na vore sou tree mr. in Gods wyse bestel word dit